



Vak: Graad 11 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 1 - Mini-Eksamen

Totaal: 96 Punte

1. waar

2 punte

Verduideliking:

Paragraaf 7: "Hy is betrokke by **klimaatskwessies** reg oor die **wêreld**."

2. verpakking | verpakkingmateriaal | "verpakking" | "verpakkingmateriaal"

3 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 4:

"Sy maatskappy, EcoPackables, vervaardig **verpakking** ("packaging") wat **100 % herwinbaar** ("recyclable") is en in 'n komposhoop **vernietig** ("destroyed") kan word."

3. ernstige droogtes | vloede

4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 6: "Nkosilathi Nyathi (20) kom van die Victoriavalle in Zimbabwe - 'n gebied waar hy **ernstige droogtes** ("droughts") en **vloede** ("floods") beleef het."

Beide **droogtes** en **vloede** kan ewe **skadelik** ("harmful") wees vir die omgewing ("environment").

4. B: sonvlekke

4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 1 dat die wêreld deesdae van sy grootste uitdagings beleef, soos klimaatsveranderinge, armoede en oorlog.

Sonvlekke ("sunspots") is dus **nie een** van die grootste uitdagings ("challenges") deesdae **nie**.

5. gratis webwerwe | toeps

4 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 9:

"Dit is 'n nie-winsgewende organisasie wat saam met ander **gratis webwerwe** en **toeps** skep en sagteware te verskaf wanneer daar iewers 'n humanitêre krisis ("humanitarian crisis") plaasvind."



6. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Ons lees in paragraaf 10:

"**Tabs** - 'n soort **halsnoer** ("necklace") wat alle **interaksie opneem** ("records all interactions") van die **persoon** wat dit **dra**."

7. TikTok | Tik-Tok

3 punte

Verduideliking:

Paragraaf 5:

"Wanneer sy nie skool gaan nie, skep sy prettige inhoud vir **TikTok**. Haar **video's** op **TikTok** het groot maatskappye ("large companies") laat kennis neem ("take note") van hierdie onderwerpe."

8. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Verskilmakers se **emosionele intelligensie** ("emotional intelligence") is goed ontwikkel. Hulle het **goeie kommunikasie-vaardighede** en kan ander **positief beïnvloed** ("influence others positively").

Verskilmakers beskik oor **goeie kreatiewe denke** om probleme op te los ("solve"), om 'n visie daar te stel van 'n **moontlike toekoms** ("possible future") wat ander **inspireer** ("inspire") om **positief** betrokke te raak ("involved in positive manner").

Verskilmakers is dus **positiewe** mense wat 'n **positiewe verskil** ("positive difference") in die wêreld wil maak ten opsigte van **sosiale probleme** ("social problems").

9. A: omgewings- en klimaatsake

4 punte

Verduideliking:

Van die **verskilmakers** fokus op:

- **Herwinning** ("recycling") van verpakkingsmateriaal
 - Bevordering van **volhoubaarheid** sustainability en **eko-vriendelike gedrag** ("eco-friendly behaviour")
 - **Klimaatsverandering** ("climate change")
-

10. Kletsbot

3 punte

Verduideliking:

Paragraaf 10:

"Die **kletsbot** ("chatbot") help die gebruiker ("user") om vorige **gesprekke** ("previous discussions") te **onthou**, 'n **dinkskrum** ("brainstorm") te hou, te beplan en **besluite** ("decisions") te neem."



11. waar

2 punte

Verduideliking:

Koppelteke ("colons") word gebruik by **samestellings** ("compound words") met 'n **afkorting**, 'n **syfer** of 'n **simbool**, byvoorbeeld:

- B-klas (simbool) ("symbol")
- BCom-graad (afkorting) ("abbreviation")
- Graad 11-klas (syfer) ("number")

12. waar

2 punte

Verduideliking:

Afkortings ("abbreviations") word gebruik om 'n **woord** of 'n **frase** ("phrase") te **verkort** ("shorten"), **vinniger** te skryf ("write faster") en soms ook om **spasie** te **spaar** ("save space").

Die **meeste Afrikaanse afkortings** word nog met 'n **punt** geskryf, byvoorbeeld:

- Vrydag - Vr.
- Antwoord - antw.
- Eksamen - eks.

13. C: akroniem.

4 punte

Verduideliking:

'n **Akroniem** ("acronym") word gevorm deur die gebruik van die **vernaamste beginletters** van 'n **paar name**.

'n Akroniem wat volgens die **alfabetname** van die **letters uitgespreek** word, word 'n **letternaamwoord** genoem, byvoorbeeld:

- BBC - British Broadcasting Corporation
- WAT - Woordeboek van die Afrikaanse Taal
- RSG - Radio Sonder Grense

14. waar

2 punte

Verduideliking:

'n **Voornaamwoord** ("pronoun") **vervang** 'n **naamwoord** ("noun"), wat reeds bekend is of reeds genoem is, in 'n sin om herhaling ("repetition") te voorkom ("prevent").

Daar is **slegs twee onpersoonlike voornaamwoorde** ("impersonal pronouns") in Afrikaans, naamlik **dit** en **daar**.



15. beter

3 punte

Verduideliking:

Byvoeglike naamwoorde ("adjectives") beskryf **selfstandige naamwoorde** ("nouns").

Wanneer **byvoeglike naamwoorde** ("adjectives") in **verskillende grade** ("degrees") van **intensiteit** uitgedruk word, word dit **trappe** van **vergelyking** ("degrees of comparison") genoem.

- Die **eerste** trap is die **stellende trap** ("positive degree"), byvoorbeeld: Die appel is rooi. Jou besluit is **goed**.
- Die **tweede** trap is die **vergelykende trap** ("comparative degree") wat **twee dinge** met mekaar **vergelyk**, byvoorbeeld: Jou appel is rooier as myne. Hulle neem **beter** besluite.
- Die **derde** trap is die **oortreffende trap** ("superlative degree") wat een ding met **baie ander vergelyk**, byvoorbeeld: Haar appel is die rooiste van almal. Hulle neem **die beste** besluite. Dit word altyd saam met die woord, **die**, geskryf.

16. B: ongemaklik in 'n situasie of omgewing wees.

4 punte

Verduideliking:

'n **Idioom** ("idiom") is 'n **spreekwoord** wat 'n **dieper** en **figuurlike betekenis** ("figurative meaning") het. Dit groei uit die **tradisies, geskiedenis** en **leefwyse** ("traditions, history and lifestyle") van 'n volk.

Voorbeelde van idiome:

- **Dis neusie verby** - dit beteken dat die kans verby ("opportunity is lost") is; 'n goeie geleentheid om iets te doen is verlore.
- **'n Uiltjie knip** - om 'n kort rukkie te slaap.

17. slegter | inkomste

4 punte

Verduideliking:

Antonieme ("antonyms") is woorde wat die **teenoorgestelde betekenis** ("opposite meaning") het, byvoorbeeld:

- Sleep - stoot ("drag - push")
- Regverdig - onregverdig ("fair - unfair")
- Toename - afname ("increase - decrease")



18. uitroepsin | vraagsin

4 punte

Verduideliking:

'n **Vraagsin** ("question") vra 'n **vraag** ("question") en eindig met 'n **vraagteken** ("question mark").

'n **Uitroepsin** ("exclamation") word gebruik om **sterk gevoelens** ("strong feelings") of **emosies** ("emotions") oor te dra. Dit eindig altyd met 'n **uitroepteken** ("exclamation mark").

19. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Die **deelteken** ("diaeresis") dui aan dat **twee klanke** wat op mekaar volg, **nie as een klank** of 'n **diftong** uitgespreek word nie. Dit word uitgespreek as **twee verskillende vokale** ("vowels").

Die deelteken **dui** die **begin** van 'n **nuwe lettergreep** ("syllable") aan.

Die deelteken word op die **volgende klanke** geplaas:

- Eë - reën
 - Oë - vermoë
 - Oeë - vroeë
 - Oö - koöperasie
-

20. onwaar

2 punte

Verduideliking:

'n **Samestelling** ("compound noun") is 'n woord wat uit **twee of meer basiswoorde** ("root words") bestaan, byvoorbeeld:

- Basiswoord + basiswoord = samestelling
 - Leef + wêreld = leefwêreld
 - Onder + gaan = ondergaan
-

21. meer | "meer"

3 punte

Verduideliking:

Antonieme ("antonyms") is woorde wat die **teenoorgestelde betekenis** ("opposite meaning") het, byvoorbeeld:

- Netjies - slordig ("tidy - untidy")
- Toename - afname ("increase - decrease")
- Vergeet - onthou ("forget - remember")

Verduideliking:

'n **Samestelling** ("compound noun") is 'n woord wat uit **twee** of meer **stamwoorde** ("root words") bestaan, byvoorbeeld:

- Daarmee (paragraaf 1)
- Basis + basis = samestelling
- Daar + mee = daarmee

'n **Afleiding** is 'n woord wat uit 'n **stamwoord** ("root word") en **voorvoegsel** ("prefix") en / of **agtervoegsel** ("suffix") bestaan, byvoorbeeld:

- Inligting (paragraaf 6)
- Voorvoegsel + basis + (verbindingsklank) + agtervoegsel = afleiding
- In- + lig + (t) + -ing = inligting

Die **verbindingsklank** help om die **uitspraak** ("pronunciation") van die woord te **vergemaklik**.

Verduideliking:

Daar is **twee soorte lidwoorde** ("articles") in Afrikaans wat voor **selfstandige naamwoorde** ("nouns") gebruik word, byvoorbeeld:

- '**n** - onbepaalde lidwoord ("indefinite article"): '**n Proteaspeler** moet fiks wees.
- **Die** - bepaalde lidwoord ("definite article"): **Die ouers** is baie gelukkig.

Wanneer 'n **byvoeglike naamwoord** ("adjective") voor 'n **selfstandige naamwoord** ("noun") gebruik word, **verander** die **vorm** daarvan effens, wanneer **agtervoegsels** aan die **einde** van die **byvoeglike naamwoord bygevoeg** word, byvoorbeeld:

- Slap**ende** bome
- Opgeblaas**de** ballon

Die **verandering** ("change") van **vorm** word **verbuigings** genoem.

24. "innovasie" | innovasie

3 punte

Verduideliking:

Sinonieme ("synonyms") is woorde wat **dieselfde** ("same") of **byna dieselfde betekenis** ("almost the same meaning") het, byvoorbeeld:

- Welgestelde of ryk ("wealthy or rich")
- Bied of gee ("offer or give")
- Gou - dadelik ("quick - immediately")

25. persoonlike voornaamwoord | betreklike voornaamwoord

4 punte

Verduideliking:

Die **woordsoorte** ("parts of speech") word bepaal deur die **konteks** ("context") van die **sin**, byvoorbeeld:

'n **Persoonlike voornaamwoord** ("personal pronoun") verwys na iemand wat **kort tevore genoem** of na verwys is. Die **persoon** se naam is dus **reeds bekend** ("already known"), byvoorbeeld: ek, jy, jou en ons.

Betreklike voornaamwoorde ("relative pronouns") het te doen met 'n **spesifieke saak** of **persoon** wat **voorheen genoem** is ("previously named"). Dit word ook gebruik om **sinne** mee te **verbind** ("combine sentences"), soos in paragraaf 7.

26. B: om deur 'n webblad of sosiale media te blaai

4 punte

Verduideliking:

Deurblaai gedrag ("scroll through behaviour") dui aan by watter inligting ("information") op sosiale media die gebruiker **stilstaan** om dit te **lees** en by **watter** inligting word net vinnig **verby beweeg** ("move past").

27. oeste

3 punte

Verduideliking:

Woorde wat op **-s**, **-k**, **-p**, **-g** en **-f eindig**, kry 'n **-te** in die **meervoudsvorm** ("plural form"), byvoorbeeld:

- Gesig - gesigte
- Produk - produkte
- Nes - neste.

Gebruik die **leidraad** ("clue") **SKaaPGiF** om die **letters** te onthou waarop **woorde eindig** wat **-te** in die **meervoud** ("plural") kry.



28. A: stelsin

4 punte

Verduideliking:

'n **Stelsin** ("statement") maak 'n **stelling** ("statement") of gee 'n **opinie** ("opinion") en eindig met 'n **punt** ("full stop").

Nog voorbeelde van **stelsinne**:

- Kunsmatige intelligensie (KI) is toenemend deel van die alledaagse lewe.
- Virtuele assistente is 24/7 beskikbaar vir kliëntediens.

29. A: in die direkte rede geskryf.

4 punte

Verduideliking:

Die **direkte rede** ("direct speech") word gebruik wanneer 'n persoon se **woorde direk weergegee** word.

Die **indirekte rede** ("indirect speech") word gebruik om **verslag** te doen ("to report") van wat **iemand anders gesê** het ("what someone else has said") **sonder** om die **betekenis** ("meaning") van die persoon se stelling **te verander** ("statement changes").

30. koppelteken | weglatingsteken | weglaatteken | weglatingteken

3 punte

Verduideliking:

Die **koppelteken** ("colon") word as 'n **weglatingsteken** ("claret") gebruik. Dit **vervang** ("replaces") die woord, **herkenning**. Dit **voorkom** ("prevents") so die **onnodige herhaling** ("unnecessary repetition") van die woord. Nog voorbeelde hiervan is:

- **Sout-** en peperpot (anders sou dit lees - **soutpot** en peperpot)
- **Potlood-** en krytstel (anders sou dit lees - **potloodstel** en krytstel)
- **Goud-** en diamantverkope (anders sou dit lees - **goudverkope** en diamantverkope)

Totaal: 96 Punte

